



MEGANIESE SNOEI VAN WYNDRUIWE

3. INVLOED VAN MEGANIESE SNOEI OP WYNKWALITEIT

Produsente vra met reg die vraag of meganiese snoei (klein bokssnoei) enigsins 'n effek op die uiteindelike gehalte van die wyn het. Teoreties gesproke behoort die kwaliteit van die wyn nie benadeel te word nie aangesien daar by meganiese snoei baie meer kleiner korrels en trosse as in die geval van konvensionele handsnoei teenwoordig is.

3.1 Plaaslike ervaring:

- Alternatiewe snoestelsels is by plase op drie verskillende plekke en op 'n verskeidenheid kultivars getoets. Wingerde by Elsenburg, Nietvoorbij en LNR Robertson proefplaas is vir die eksperiment gebruik. Die behandelings het 'n kontrole, meganiese snoei, minimumsnoei en geensnoei, ingesluit. Noemenswaardige besparings in arbeidskoste is by al drie die meganiese aksies teenoor die kontrole verkry. Afname in lootlengte (korter internodiums) en toename in oesgrootte was by al die kultivars verkry. Wyngehalte was nie verlaag nie en in sekere gevalle selfs beter teenoor die handsnoei-metode. Die aanpasbaarheid van sekere kultivars by die alternatiewe snoemethodes was verskillend. Cabernet Sauvignon, Pinotage en Chardonnay het goed aangepas. Sauvignon blanc en Merlot het egter swak aangepas. Die verklaring vir die laasgenoemde is dat dit beide koel klimaat kultivars is wat nie so goed aangepas het by die meganiese snoestelsels nie. Daarteenoor het Chenin blanc, Shiraz, Colombar en Ruby Cabernet uitstekend gevaaar.
- Alternatiewe snoestelsels, en veral meganiese snoei, het die geurprofiele van die druwe verbeter weens die feit dat die somerlate oophang en sodoende beter ligpenetrasie in die trossone bewerkstellig. Dit het geleid tot die toepassing van meganiese snoei op groter skaal in sommige rooiwynblokke van sekere landgoedere om verbeterde geur in die versnitte te bewerkstellig. In vrotgevoelige witwynblokke is Botritis-vrot suksesvol uitgeskakel deur van minimumsnoei gebruik te maak. Gepaardgaande hiermee is in alle gevallen heelwat hoër opbrengste verkry.
- Hierdie resultate het geleid tot die grootskaalse toepassing van meganiese snoei veral in sekere areas van die Breederiviervallei, waar tot 80% van sommige koöperatiewe kelders se totale druifinnname van meganiesgesnoeide wingerde afkomstig is.

3.2 Buitelandse ervaring:

- In Australië is gevind dat meganiese snoei wat oor 'n wye verskeidenheid van omgewings toegepas was, nie 'n negatiewe effek op wyngehalte gehad het nie, behalwe waar die kapasiteit van die stok nie die vermoë gehad het om die oes ryp te maak nie. Daar was ook gevallen waar daar te veel droë hout by die kelder aangekom het, wat die wynmaakproses kan benadeel.

- Daar is gevind dat die wynbeoordelingspunte effe laer was by klein bokssnoei van Cabernet Sauvignon teenoor kortsnit en Guyot snoeistelsels. Daar was waarneembare verskille in wynstyl by klein bokssnoei, hoofsaaklik as gevolg van die feit dat daar hoër konsentrasies antosianiene en fenole by Guyot snoeistelsels was.
- Minimum snoei gee aanleiding tot verkorte lootgroei met minder en ook verkorte internodes. Selfsnoei kom voor in die sin dat lote wat nie ten volle ontwikkel as gevolg van oorskaduwing nie, hulself afsnoer en dan doodgaan. Minimum snoei gee ook aanleiding tot swakker uitbot van ogies met goed blootgestelde klein trossies met klein korreltjies. Hierdie stelsel is maklik om te oes met 'n meganiese oesmasjien. Die oop sisteem vergemaklik siektebeheer soos Botrytis en witroes. Die stelsel gee ook aanleiding tot verbeterde kwaliteitseienskappe, mits voldoende suikerryheid verkry word. Minimumgesnoeide wingerde het normaalweg hoër organiese suur, hoër wynkleur en hoër fenoliese inhoud as gewone snoei by dieselfde ryphedsgraad. Weens die veranderde vrugsamestelling van minimum snoei is druwe afkomstig hiervan meer geskik vir die produksie van lae alkohol wyne.
- Verwys ook na Meganiese Oes bladskrifte nr. 3 en nr. 4 vir verdere inligting rakende meganisering en die invloed daarvan op die gehalte van wyn.

3.3 Slotsom:

- Wingerde wat meganies gesnoei was, moet meganies geoes word.
- Meganiese snoei bewerkstellig beduidende arbeidsbesparings.
- Weens die veranderde mikroklimaat rondom trosse tydens ryphowing, word die chemiese samestelling van die druwe verander en dit gee aanleiding tot ander wynstyle as wat verkry word met ander snoeimetodes.
- Indien die kapasiteit van die stokke om druwe ryphowing te maak nie belemmer word nie, word druifgehalte nie noodwendig deur meganiese snoei benadeel nie.